# VOORSKRIF OP VOORSKRIF

# *Filippense*

# ERKENNINGS

Met graagte gee Precept Ministries (SA) erkenning aan
Frans Geldenhuys vir die vertaling van hierdie uitgawe.

# FILIPPENSE

VOORSKRIF OP VOORSKRIF

© 2004 Precept Ministries SA.

Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal word gepubliseer deur en is die alleenbesit van Precept Ministries of Reach Out, Inc. of Chattanooga, Tennessee. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige ander vorm, geberg of versend word nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer.

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

1ste Uitgawe

Gedruk in Suid-Afrika
Augustus 2004 (400)

Gedruk deur:

**Precept Ministries (SA)**
**POSBUS 539**
**Howard Place**
**7450**
**Suid-Afrika**

**Tel/Faks: (021) 531-1836**

# INHOUD


## LESSE

| | |
|---|---|
| 1. Oorsig | 1 |
| 2. Oorsig - Historiese Agtergrond | 15 |
| 3. Waarnemingswerkblad: Filippense 1 | 23 |
| 4. Diensknegte, heiliges, opsieners en diakens | 27 |
| 5. ’n Studie oor die dood | 33 |
| 6. Waarnemingswerkblad: Filippense 2 | 41 |
| 7. Lyding / Ons gedrag / Filippense 2:1-4 | 43 |
| 8. Filippense 2:5-11 | 49 |
| 9. Filippense 2:12-15 | 57 |
| 10. Filippense 2:16-30 | 65 |
| 11. Waarnemingswerkblad: Filippense 3 | 73 |
| 12. Filippense 3:1-9 | 75 |
| 13. Filippense 3:10-21 | 83 |
| 14. Waarnemingswerkblad: Filippense 4 | 91 |
| 15. ’n Studie oor onbesorg wees | 93 |
| 16. Die denke / Vergenoegdheid / Gee en ontvang van gawes | 99 |

## BYLAE

| | |
|---|---|
| Waarnemingswerkblaaie | 115 |

## SLOTWOORD

| | |
|---|---|
| Wie is Precept Ministries? | 127 |

# NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

1. Arthur, Kay: *Hoe om jou Bybel te bestudeer - Voorskrif op Voorskrif.* Kaapstad, Suid-Afrika: Precept Ministries S.A.

2. Griekse Woordstudiehulpmiddels.

3. Kommentare oor Filippense **(sien lys hieronder)**.

# AANBEVOLE KOMMENTARE


1. Baxter, J. Sidlow: *Explore the Book*; Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1960

2. Kent, J.R., Homer, A.; Vaughn, Curtis; and Rupprecht, Arthur: *The Expositor's Bible Commentary: Philippians, Colossians, Philemon*; Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1996

3. Martin, Ralph P.: *Tyndale New Testament Commentaries: Philippians*; Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdman's Publishing Company, 1987

4. Walvoord, John R.: *Everyman's Bible Commentary: Philippians: Triumph in Christ*; Chicago, Illinois: Moody Press, 1971

# VOORSKRIF OP VOORSKRIF

# LES EEN

# OORSIG

**DIE LES SLUIT IN:**

Waarnemingswerkblaaie oor Filippense, agter in Bylae.

**Filippense – wat 'n fontein van geestelike waarhede! Vir talle gelowiges het dit nuwe blydskap en vrede in hul daaglikse lewe gebring. Jy sal Filippense as 'n mooi en nuttige boek vind. Dit bevat baie lewensbeginsels wat jou gesindheid teenoor mense en omstandighede letterlik sal verander as jy 'n dader word van díe dinge waarvan jy op die drumpel staan om in die volgende sestien weke te leer.**

**Jy sal jouself moet dissiplineer om daagliks te studeer eerder as om al jou studie op een slag te doen. Enige goeie student van die Woord van God weet dat, om die waarheid van God te verstaan, daar baie bepeinsing en gebed moet wees. Josua 1:8 sê dat ons Godswoord dag en nag moet bepeins sodat ons "nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal (ons) in (ons) weë voorspoedig wees en dan sal (ons) met goeie gevolg handel." Jy mag dalk die regte antwoorde in één "volgepropte" sessie vind, maar in alle waarskynlikheid sal jy baie kosbare "juwele" van insig mis wat net kom langs bepeinsing en gebed.**

**DAG EEN**

Induktiewe Bybelstudie begin met die Bybel self. Dit vind uit wat die Bybel self sê. Tog sal al die goeie studiegewoontes en –metodes in die wêreld baie min vir die student van Godswoord beteken sónder die openbaring van die Heilige Gees. Johannes 14:26; 16:13 en 1 Korinthiërs 2:6-16 leer vir ons dat dit die werk van die inwonende Gees is om aan ons die hele waarheid te openbaar en ons daarin te lei. Begin dus altyd met gebed en vra God om jou in sy waarheid te lei (Johannes 16:13).

1. Indien jy nog nooit voorheen 'n *Precept*-kursus gedoen het nie, lees die hoofstukke getiteld **Konteks kraai koning!** en **Bepaal die geheelbeeld** in *Hoe om jou Bybel te bestudeer – voorskrif op voorskrif.*

   Die doel van hierdie eerste les is om die konteks van die boek Filippense vas te stel. Dit is die belangrikste les wat jy sal doen, want dit lê die fondasie van al die ander lesse. Omdat die konteks altyd beslissend in interpretasie is en die Skrif altyd in die lig van sy konteks geïnterpreteer moet word, is die eerste stap in jou studie van enige Bybelboek om met die **Oorsig** (die besigtiging van die hele boek) te begin ten einde die konteks vas te stel.

Die eerste stap in die proses om die konteks vas te stel is om op die uitkyk te wees vir die **ooglopende** dinge wat in 'n bepaalde Bybelboek genoem word. Soos ons in ons Instituut vir Opleiding[1] leer, is daar drie dinge wat altyd ooglopend, maklik om te sien, is: mense, plekke en gebeure.

As jy begin en die ooglopende waarneem, dan word die dinge wat in die boek nie maklik gesien of verstaan word nie, duideliker namate jou studie gefokus bly op die ooplopende. Die verstaan van die konteks help jou in jou interpretasie van die onduidelike, duistere en moeilik verstaanbare dele van enige boek.

Aangesien Filippense 'n brief is, is die skrywer die plek om jou studie te begin, omdat hy die eerste persoon is wat in hierdie boek genoem word. Daarom is die eerste stap in ons studie: om te identifiseer wat die boek vir jou sê van die skrywer. Dan, terwyl jy hierdie feite evalueer, word die konteks van Filippense hier reg voor jou oë blootgelê. Dis opwindend en asemrowend wat jy sien.

2. Kom, ons spring weg! Lees die hele Filippense en merk met 'n spesifieke kleur of kleursimbool elke vermelding van die skrywer se naam. Merk ook die voornaamwoorde wat spesifiek na hom verwys soos "ek", "my." Merk regdeur Filippense elke verwysing na die skrywer met dieselfde kleur of kleursimbool.

   Gebruik die Waarnemingswerkblaaie, agter in die Bylae, vir elke taak. Hierdie Waarnemingswerkblaaie is presies wat dit sê – wérkblaaie. Dit bevat die teks van Filippense volgens die Afrikaanse Bybel (1953) en is gedruk in dubbelspasiëring. Ons moedig jou aan om dit te gebruik en dan die belangrikste dinge oor te dra na jou eie Bybel.

3. Voordat jy hierdie taak aanpak, lees eers al die aanwysings van díe stap.

   a. Lees weer al vier hoofstukke van Filippense en gebruik jou gemerkte Waarnemingswerkblaaie. Terwyl jy lees, kyk versigtig na elke verwysing na die skrywer en stel vas of dit een van die **5 W's en H**-vrae (wie, wat, wanneer, waar, waarom, hoe) beantwoord wat in besonder die skrywer beskryf.

   b. As een van die vrae beantwoord word, skryf die antwoord in die toepaslike hoofstukkolom van die **MENSE IN FILIPPENSE**-tabel. Dit is aan die einde van die les. Skryf die antwoorde in dieselfde kleur waarmee jy die verwysings na die skrywer gemerk het. Of sodra jy die antwoord in die tabel geskryf het, kleur dit dan met dieselfde kleur wat jy gebruik het in jou Waarnemingswerkblaaie.

      **Wie** is die skrywer?

      **Waar** is hy?

      **Wat** is sy omstandighede?

      **Wat** is sy houding teenoor sy omstandighede?

[1] Elke kind van God behoort hierdie opleidingsessies by te woon. Dit sal jou verhouding met die Woord van God ingrypend verander en ook dien as 'n toerustingtuiste vir die bedieningswerk wat God vir jou het. Vir meer inligting kontak: Precept Ministries, Posbus 539, Howard Place, 7450 of faks/telefoon (021) 531 1836.

**Wat** sê hy doen hy spesifiek ten opsigte van Christus?

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe om die antwoorde in die tabel te lys:

**MENSE IN FILIPPENSE**

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 | Hoofstuk 4 |
|---|---|---|---|
| *1:1 Paulus*<br>*1:7 in boeie*<br>*1:12 wedervaar, bevordering van die evangelie* | | | |

Soos hierbo geïllustreer, skryf die vers neer en wees kort in jou antwoorde. As jy kan aanleer om die woorde net so uit jou Bybel te gebruik, dan stoor jy in jou verstand en hart dieselfde Woord(e) van God. Dit is beter om sy woorde te gebruik en dit nie te parafraseer of om te sit in jou eie woorde nie, want God se woorde is Gees en Lewe en dít is wat jy wil onthou.

Soos jy deur Filippense vorder, sal jy opmerk dat sommige van die **5 W's en H**-vrae op meer as een plek in die teks beantwoord kan word. Ook kan sommige verse meer as een van die vrae beantwoord. Aan die ander kant weer mag sommige van die verwysings wat jy in die eerste taak gemerk het, dalk nie een van die vrae beantwoord nie.

4. Skryf in die **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD** (wat aan die einde van die les is) neer wat hierdie feite (die antwoorde wat jy in jou **MENSE IN FILIPPENSE**-tabel gelys het) vir jou sê van die tyd waarin hierdie boek geskryf is. Dit help jou om die **historiese agtergrond** van die boek Filippense vas te stel.

   Namate jy voortgaan met die waarneming van Filippense, sal jy meer inligting versamel wat jou sal help om die **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD** te voltooi.

5. Gaan nou deur wat jy in jou **MENSE IN FILIPPENSE**-tabel oor die skrywer gelys het en beantwoord dan die volgende vrae:

   a. Filippense 1:1 begin met "Paulus en Timotheüs, diensknegte van Jesus Christus ...", maar het jy uit die res van die brief opgelet dat die skrywer net een van hulle is: Paulus? As dit nie duidelik is nie, lees Filippense 2:19 en let op dat enkelvoudige voornaamwoorde regdeur die boek gebruik word.

   b. Het jy opgemerk dat seker woorde (met hulle sinonieme) in al vier hoofstukke herhaal word? ('n **Sinoniem** is 'n woord met dieselfde betekenis as 'n ander woord in 'n bepaalde konteks). Skryf hieronder enige woorde (met hul sinonieme) wat by herhaling voorkom.

c. Terwyl jy deur Filippense gelees het, het jy opgelet waaroor die skrywer die meeste praat? (As jy nog niks raakgeloop het nie, hou hierdie vraag in gedagte. En sodra jy dit vind, skryf jou insig hieronder neer).

6. Het jy al ooit gevoel dat jy in ’n tronk of iets soortgelyk was? Onthou: alle tronke het nie tralies en slotte nie. Of dalk was jy werklik in ’n tronk. As jy na Paulus kyk – en hy was werklik in ’n tronk – wat is die gesindheid wat hy verpersoonlik? Dink jy Paulus se gesindheid was uniek vir hom of dink jy dit is moontlik vir enige gelowige om hierdie gesindheid te hê ongeag wat sy of haar tronk is? Kan God dít in ons almal werk? Dink jy Filippense sê vir ons hoe? Dink daaroor na terwyl jy hierdie “vrymakende” brief bestudeer.

**DAG TWEE**

Vandag gaan ons voort om na Filippense in sy geheel te kyk. Ons studie fokus steeds op die mense wat in die boek genoem word, want hulle is ooglopend en kan maklik raakgesien word.

1. Lees die hele Filippense en merk in jou Waarnemingswerkblaaie elke verwysing na die ontvangers, maar gebruik ’n kleur wat verskil van dié van die skrywer s’n. Die ontvangers is die mense wat hierdie brief ontvang het. Maak seker dat jy al die voornaamwoorde vir die ontvangers merk soos “julle”/”jul”, asook al die sinonieme soos “broeders” en “geliefdes”.

2. Gaan nou deur Filippense en let op elke plek waar jy die ontvangers gemerk het.

   Skryf in die toepaslike kolom van jou **MENSE IN FILIPPENSE**-tabel die antwoorde op die volgende **5 W’s en H**-vrae (wie, wat, wanneer, waar, waarom, hoe) wat die ontvangers besonderlik beskryf. Kleur of skryf dit met dieselfde kleur wat jy gebruik het toe jy die ontvangers in jou Waarnemingswerkblaaie gemerk het. Gebruik die woorde van die teks.

   **Wie** is hulle en **waar** is hulle?

   **Hoe** word hulle beskryf of **wat** het hulle gedoen?

   **Wat** is hulle omstandighede?

Soek net die **ooglopende** antwoorde wat die ontvangers besonderlik beskryf.

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe om die antwoorde in jou tabel te lys:

**MENSE IN FILIPPENSE**

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 | Hoofstuk 4 |
|---|---|---|---|
| *1:1 Paulus*<br>*1:7 in boeie*<br>*1:12 wedervaar, bevordering van die evangelie*<br>............................<br>............................<br>*1:1 heiliges in Christus Jesus, in Filippi / opsieners; diakens*<br>*1:5 gemeenskap aan evangelie*<br>*1:7 deelgenote in genade* | | | |

3. Evalueer jou tabel en beantwoord die volgende vrae:

   a. Het jy enigiets gekry oor die Filippense wat te doen het met die historiese agtergrond (die tyd waarin die brief geskryf is) wat bygevoeg moet word by daardie afdeling van jou **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD**? Indien wel, voeg dit by.

   Die merk van die teks en die lys van die antwoorde op die **5W's en H**-vrae oor die skrywer en die ontvangers het jou gehelp om sekere feite te ontdek oor die historiese agtergrond van die boek. Besef jy wat so pas gebeur het? Hoe dikwels dink mense dat die **enigste** manier om die historiese agtergrond van 'n boek te verstaan, is om Bybelkommentare te lees, omdat hulle nie bewus is dat die sorgvuldige waarneming van die teks dit aan 'n mens kan openbaar nie. Wat 'n seën is dit vir mense in ander lande en taalgroepe wat nie kommentare in hul eie taal het of wat nie maklike toegang daartoe het as dit wel bestaan nie.

   b. Wat het die ontvangers gedoen wat Paulus so besiel het om hierdie brief aan hulle te skryf? Skryf jou antwoord hieronder.

*Hoe vaar jy? As dit jou eerste Precept-kursus is, steier jy seker onder die tempo en werk, maar moenie moed verloor nie. Jy is besig om eintlik so 'n belangrike fondasie te lê - 'n fondasie waaroor jy – in die goeie sin van die woord – trots sal voel. As jy volhard, sal jy vind dat jy 'n weeldewoning van blydskap vir 'n tuiste aan't bou is, ongeag jou omstandighede en dit sal meer weer werd wees as die dissipline wat jy beoefen het. Beur gerus voort, dapper een!*

## DAG DRIE

1. Merk in jou **MENSE IN FILIPPENSE**-tabel op 'n onderskeidende manier – gebruik twee verskillende kleure of kleursimbole – elke vermelding van die woorde "verbly" / "blydskap" en "Christus", asook die sinonieme en voornaamwoorde vir Christus. Onthou, 'n sinoniem is 'n ander woord met dieselfde betekenis in 'n bepaalde konteks. Byvoorbeeld: in die Filippense-konteks is "Here" 'n sinoniem vir "Christus".

   Jy het moontlik opgemerk dat "Christus" en "verbly" / "blydskap" en hul sinonieme regdeur Filippense gebruik word. Daarom is hulle **sleutelwoorde** in hierdie boek.

   Die ontdekking van sleutelwoorde is beslissend vir die verstaan van die betekenis van 'n teks. Soos sleutels ontsluit sleutelwoorde waaroor dit in 'n Skrifdeel gaan. 'n Sleutelwoord kan 'n selfstandige naamwoord (insluitende 'n persoon), 'n beskrywende woord of 'n aksie-woord wees. Die waarneem van sleutelwoorde en -frases is belangrik, want dit help om die skrywer se herhalende beklemtoning te identifiseer, asook hoe hy die doel van sy skrywe bereik.

2. Lees al vier hoofstukke van Filippense en doen die volgende:

   a. Merk (met dieselfde kleure as in jou **MENSE IN FILIPPENSE**-tabel) in jou Waarnemingswerkblaaie die sleutelwoorde "Christus" en "verbly"/"blydskap", asook hul sinonieme en voornaamwoorde.

   b. Terwyl jy hierdie woorde merk, lys die antwoorde op die volgende vrae in die toepaslike hoofstukkolom van jou **SLEUTELWOORDE**-tabel aan die einde van die les. Skryf of kleur die antwoorde in jou tabel in dieselfde twee kleure wat jy gebruik het om die woorde in die teks te merk. Lys die antwoorde in die orde waarvolgens hulle in elke hoofstuk verskyn.

      **Wat** is Paulus se verhouding met Christus?

      **Hoe** beskryf Paulus sy gesindheid in sy verhouding met Christus?

      **Hoe** beskryf Paulus sy verantwoordelikheid teenoor Christus?

      **Wat** is sy instruksies aan die Filippense oor hul verhouding met en hul gesindheid teenoor Christus?

      **Wat** sê Paulus oor blydskap en verblyding?

**Wat** is die instruksies wat hy gee oor blydskap en verblyding?

Terwyl jy soek na die antwoorde op hierdie vrae, maak seker dat jy die teks sorgvuldig waarneem en onthou dat daar baie verwysings na Christus sal wees wat nie enigeen van hierdie vrae sal beantwoord nie. As die verwysings nie 'n vraag beantwoord nie, moet dit nie in die tabel skryf nie.

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe om die antwoorde in die tabel te lys:

**SLEUTELWOORDE**

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 | Hoofstuk 4 |
|---|---|---|---|
| *1:1 dienskneg van Christus<br>1:4 bid altyd met blydskap<br>1:18 verbly; Christus word verkondig<br>1:20 Christus word grootgemaak in my liggaam* | | | |

3. Skryf hierdie twee sleutelwoorde in die **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD.** (Daar is ook ánder woorde wat as sleutelwoorde in die boek Filippense herhaal word, maar wat ons later sal behandel. Maar omdat "Christus" en "verbly" die mees ooglopende en die meeste regdeur al vier hoofstukke herhaal word, evalueer ons dit eerste).

   Terloops, het jy al ooit iemand hoor sê: "...die blydskap in die Here... is julle beskutting"? Het jy gewonder waaroor dit gaan? Aan die einde van hierdie sestien-week studie oor Filippense sal jy nie alleen weet wat die antwoord is nie, maar ons bid dat ook jý dit sal kan sê.

## DAG VIER

Terwyl jy die afgelope drie dae jou huiswerk gedoen en gekyk het na dinge wat net ooglopend was, het jy moontlik sekere dinge opgemerk wat nie aanvanklik ooglopend was nie, maar wat na vore gekom het terwyl jy die teks gemerk en geëvalueer het. Daarom sal jy hierdie selfde proses gedurende hierdie laaste twee dae wil voortsit.

1. Gaan weer deur die **SLEUTELWOORDE**-tabel wat jy gister voltooi het. Die sleutelwoorde "Christus" en "verbly" wat in Filippense herhaal word, is die hoof-onderwerpe of **temas** van die boek. Die tema van 'n boek is die hoofonderwerp(e) of hoofsaak(e) wat in die boek behandel word. Skryf hierdie hoofonderwerpe of temas in jou **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD**.

2. Gaan nou na jou **SLEUTELWOORDE**-tabel en, met behulp van ’n ander kleur, trek ’n raam rondom elke instruksie, bevel wat in dié tabel gelys is. ’n Instruksie, bevel is wanneer Paulus vir die Filippense sê: Doen dit of Moenie dit doen nie!
3. Identifiseer uit hierdie instruksies een wat die hooftemas “Christus” en “verbly” / “blydskap” die beste opsom. Terwyl jy dit doen, hou die volgende in gedagte:

   a. Die tema moet gebaseer word op ’n *objektiewe* evaluering van wat die skrywer deur middel van herhaling beklemtoon en tog nie op ’n subjektiewe toegeneentheid teenoor dit wat tot jou die meeste spreek nie.
   b. Jy hoef nie die tema uit te dink nie. Dit moet altyd gebaseer word op wat raakgesien word in die herhaling én in die lig van die konteks wat vasgestel is deur jou waarnemings van die teks.

   c. Onthou om die woorde uit die teks te gebruik.

4. Skryf die tema van Filippense in die toepaslike ruimte bo-aan jou **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD**.

   Sodra jy jou **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD** voltooi het, sal jy ’n wonderlike visuele hulpmiddel hê wat die hoofinhoud van Filippense in ’n neutedop weergee.

## DAG VYF

Wat mooi is van die induktiewe Bybelstudie, is om te kyk na wat jy ontdek het uit net één bron: Godswoord. Jy sal later in hierdie studie sekere kommentare lees om jou werk te kontroleer en so vas te stel wat ander mense sê oor die boek Filippense. Dit sal opwindend wees om vas te stel wat jy alles op jou eie ontdek het, net deur middel van die Woord en die Heilige Gees en jy. Ook sal dit jou in staat stel om akkurater te evalueer wat ander oor Filippense sê. Terloops, net omdat dit gedruk en gepubliseer is, beteken nie dat dit altyd korrek is nie.

1. Die afgelope vier dae het jy die boek Filippense in sy geheel geëvalueer, waaroor ons baie bly is. Ons taak is om vandag te kyk na die vier hoofstukke – een vir een – en vas te stel wat elke hoofstuk se verband is met die hele boek. Die volgende stap is dus om die hoofstuktema van elke hoofstuk te identifiseer.

   a. Lees net hoofstuk 1 en soek die tema daarvan.

      Terwyl jy die tema oordink, raadpleeg jou **SLEUTELWOORDE**-tabel. Evalueer daardie feite wat in die hoofstuk 1-kolom gelys is.

      Sodra jy die hoofstuktema bepaal het, skryf dit in die hoofstuk 1-kolom van jou **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD**.

   b. Deur gebruik te maak van dieselfde proses lees hoofstuk 2 – 4 en identifiseer die tema van elke hoofstuk. Skryf elkeen dan in die toepaslike kolom van die **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD**.

   c. Voltooi die **FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD** deur enige ontbrekende inligting in te vul.

2. Filippense kan ons baie leer oor die verhouding van gelowiges met die Here Jesus Christus. Terwyl jy dit bestudeer, maak seker dat jy hierdie verhouding het.

   Terwyl jy hierdie week met jou studie besig was, het jy in jou hart erváár ’n verlange na ’n intiemer verhouding wat tot dieselfde woorde aanleiding gee as dié van Paulus: “Want vir my is die lewe Christus”? Dink na oor wat God jou dié week geleer het uit jou studie van sy Woord. Bepeins hierdie dinge in jou hart soos jou dag vorder en bid daaroor.

*Dankie vir jou ywer in hierdie week se studie. Mag ons Here jou grootliks beloon deur jou baie wysheid en insig te gee.*

## MENSE IN FILIPPENSE

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 | Hoofstuk 4 |
|---|---|---|---|
| | | | |

© Precept Ministries of Reach Out, Inc.

**SLEUTELWOORDE**

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 | Hoofstuk 4 |
| --- | --- | --- | --- |
| | | | |

© Precept Ministries of Reach Out, Inc.

## FILIPPENSE-OORSIGWERKBLAD

**Boektema:**

**Skrywer:**

**Hoofstuktema:**

| | |
|---|---|
| **1** | |
| **2** | |
| **3** | |
| **4** | |

**Sleutelwoorde:**

**Doel:**

**Temas:**

**Historiese agtergrond:**